



Skool-Visie

Laerskool A.G. Visser se visie is om met uitnemendheid waardegerigte leerders te help ontluk deur hulle talente in hulle moedertaal Afrikaans, te ontdek en te ontwikkel.

JAARTEMA 2021

“Waar die avontuur begin om jou talente te ontgin”

**Privaatsak XI
Rensburg
1439**

Tel: 016 341 2631 / 6143

Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449

e-pos: agvisser@worldonline.co.za

www.agvisser.co.za

OMSENDBRIEF 2021-4

Ons waarde vir die maand: Hulpvaardigheid

15 April 2021

Beste ouer / voog.

BEHEERLIGGAAM

Ons wil baie geluk sê aan ons nuut verkose beheerliggaam, nl. Jaco Billing; Jakkie Jordaan; Leon Liebenberg; Judy Mostert en Sarel Swanepoel. Ons wens hulle sterkte toe vir hulle reuse taak wat voorlê die volgende 3 jaar. Hulle gaan komitees saamstel sodra hulle in portefeuljies verkies is en ons rig 'n versoek aan u om daarby betrokke te raak.

ONDERWYSER: JACQUES OLIVIER

Ons verwelkom Mnr Jacques Olivier by ons skool vanaf die tweede kwartaal. Hy gaan verantwoordelik wees vir Afrikaans Gr 5 en Engels Graad 6, sowel as PSW. Ons glo hy sal vinnig inskakel en dit baie hier by Vissieland geniet.

VEILING 20 APRIL 2021 09:00

Ons herinner u aan die losgoed vir die veiling wat u kan skool toe stuur. Maak asseblief seker u weet wat die reëlings vir die dag behels.

REËLINGS VIR 20 APRIL 2021

Die reëlings vir die dag gaan as volg wees: Grade 2,4,5 en LSEN vertrek om 09:00 vanaf die skool en sal om 11:00 terug wees by die skool, waarna hulle met gewone skool aktiwiteite aangaan. Grade R,1,3 en 6 vertrek om 11:00 en sal om 13:00 terug wees. Die Graad 7's gaan vanaf 09:00-13:00 daar wees. Die skool sal dan om **13:00** uit kom. Leerders gaan soontoe stap, aangesien dit baie naby is. Daar sal genoegsame toesig wees om die leerders se veiligheid te verseker.

Leerders kom met vissiedrag skool toe. Leerders **MOET** hulle tasse skool toe bring, behalwe die Graad 7's, aangesien hulle wel akademies gaan verkeer wanneer hulle by die skool is. Daar gaan heerlike verversings te koop aangebied word, so bring baie geld.



Privaatsak XI

Rensburg

1439

Tel: 016 341 2631 / 6143

Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449

e-pos: agvisser@worldonline.co.za

www.agvisser.co.za

VEILINGVORMS

Leerders wat vol vorms inbring kan volgende week nog gewone klere aantrek, behalwe Dinsdag na die veiling toe. Ons wil graag hê dat die leerders netjies moet wees.

GHOLFDAG

Baie dankie aan elke ouer wat deelgeneem het aan die gholfdag en aan die lootjie verkope. Dit was 'n baie suksesvolle dag, waarvoor ons baie, baie dankbaar is. Ons gaan die geld aanwend om te help betaal vir onderwysersposte.

SKOOLTYE IN DIE OGGENDE: 07:30

Daar is leerders wat gereeld laat kom vir skool. Ons gaan begin om leerders te straf wat sonder 'n geldige verskoning laat kom vir skool. **Indien u kind van openbare vervoer gebruik maak, bly dit u verantwoordelikheid om seker te maak u kind kom betyds by die skool.**

REËLINGS MAANDAG 19 – 23 APRIL

BUITEMUURS

Daar sal geen buitemuurs wees gedurende hierdie week nie.

RAPPORTE

Die departementele program wat gebruik word vir die punte om rapporte op te stel is nog nie gereed vir gebruik nie. Dit gaan veroorsaak dat ons nie rapporte voor die einde van die kwartaal sal kan uitgee nie. Ons sal u inlig sodra ons die program ontvang en die rapporte reg is.

VRYDAG

Die skool kom Vrydag 23 April 2021 om 10:00 uit. Ons versoek dat u asseblief sal toesien dat u kind betyds afgehaal word. Die skool begin weer 3 Mei 2021 om 07:30.

VAKANSIE

Geniet die baie kort vakansie, rus uit en spandeer tyd aan mekaar.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof